

28 Mei

**Skrifgedeelte: Esegïel 37:15-25**

**Fokusgedeelte: Esegïel 37:21**

### **God se belofte om weer lewe in die droë beendere te blaas**

Saam met die belofte om weer lewe in die droë beendere te blaas, ontvang God se volk die belofte dat Hy hulle weer een volk sal maak. Daar sal weer godsdienstige en politieke eenheid wees. God sal hulle ook reinig sodat hulle nie weer afgode sal dien nie, maar vir Hom 'n volk sal wees.

Hierdie belofte van God gryp terug na die ou ideaal van 'n verenigde volk onder koning Dawid asook na die aartsvader Jakob. Die Here doen gestand aan sy verbond en sal sy volk herderlik lei en versorg. Die belofte dra ook 'n ewige dimensie. Met die koms van die ware Dawid sal 'n nuwe dag aanbreek wat tot in ewigheid sal voortduur.

Die Here koester vir elkeen van ons en vir ons as kerke 'n heel lewe. 'n Lewe waarin alles 'n eenheid vorm wat onder sy gesag en leiding tot sy eer strek. Ons ervaar vandag egter merendeels die teendeel. Ons lewens word al meer versplinter in honderde deeltjies wat ons in verskillende rigtings trek. Die werk, skool, sport, verenigings en kerk vul ons lysie van verpligtinge namens ons in terwyl ons rondskarrel om by alles uit te kom. En kom ons wees maar eerlik, die maklikste verpligting om na te laat, is tyd vir en met God. Heel dikwels word 'n persoonlike verhouding met Hom deur die nakom van verpligtinge teenoor 'n gemeente vervang.

Neem die splinters van jou lewe en plaas dit alles in God se hand. Hy sal dit toevou tot 'n eenheid waaroor Christus heers. Jou daaglikse roetine sal nie noodwendig verander nie, maar wel jou gesindheid en motiewe. Ook jou verhouding teenoor die gemeente sal verander van verpligting na voorreg.

God wil egter nie net jou lewe in harmonie bring nie, Hy wil só ook 'n nuwe eensgesindheid tussen al ons gemeentes bring. Die verskille tussen ons het 'n byl geword wat ons in stukke laat spat. Ook hierdie stukke hout wil Hy in sy hand neem en saampers tot een liefdesgemeenskap. Dit beteken nie dat verskille oornag sal wegval nie, maar dit beteken wel dat ek my nie sal kan onttrek en eenkant hou nie, want dan beur ek ten diepste uit God se hand uit.

Sing: Psalm 133:1, 2

Ds. D Pansegrouw (Hoëveld)